

Nomades Voetslaanklub

Roete-terugvoer

Eyeview staproete

8 tot 10 April 2016.


So 25km buite Rustenburg op die R52 Koster pad.

S25 48' 44.1" E26 59' 42.1" (plaashek)

Wilna Moolman, Christo Vlok; Corrie van Rensburg, Marius Stander; Mariette Naude; Anna-Marie Lotter, Phrina Oosthuizen, Erika Barnard, Carolien Pienaar; Christa du Plooy, Grant Pieterse; Silvia de Jong, Isabel Baatsen; Norma Grotius en Jannes van Ryssen. 15 Siele gaan saam.



Agter: Anna-Marie, Isabel, Corrie VRB, Silvia, Christa, Erika, Grant, Mariette, Phrina, Christo, Wilna; Voor: Carolien, Norma, Jannes, Marius. 15. 2016/04/08-10



Ons bly in die Dapper Stapper basiskamp op die Eyeview vakansie en jag plasie van Alwin(Charlie) & Hilda Reader op Olivefontein plasie. Die kamp is op 'n bergie geleë. Daar is 5 houthuisies. (1xdubbelbed+MiniBed); 2 x (3xEnkelbed+1MiniBed); 2 x (2xEnkelbed,1Bo-bed en 1 MiniBed). (14Vol, 5 mini) Die mans ablusie links en die dames reg(s). 1 Stort, toilet en wasbak elk. Warmwater per donkie. Plus 'n ekstra privaatsitplekkie by die kamp. Elektriese lig via Sonpanele. Die kamp was 'n tyd gelede laer geleë, nader aan die plaashek en

plaashuis maar is verskuif. Klein maar heerlike swembadje ook. Kruiwa as naambord, skoene, ou stapstewels en 'n ou tas as plant houers, Blikdeksels as padpredikante, en oral geroeste staalwerke en eetgerei met wyskede op. Self beendere word as naamborde gebruik.



Meer luukse huisies is ook beskikbaar. 'Kaappunt' en 'Afrika' wat direk op die kant gebou is, dan 'Karibu' en 'Toeka' wat enkelvlak is wat 'n paar tree vanaf die kant is. 'Toeka' is nog in aanbou.

Vrydag middag vanaf die uitsigpunte sien ons die Kudu's daar onder by die soutlek. Ons kies om nie die groot boma area te gebruik nie, maar braai sommer op die gerieflike hoogte-verstelbare-rooster voor ons kombuis by ons huisies. Ons bewonder ook die mooi sonsondergang oor die valei onder ons. 'n Klein kombuisie met 2 klein gasyskassies maar ons kuier mos buite. Daar is ook 'n 2 plaat gasstoof vir tee-water ens.



Saterdag oggend om 8:00 groeps foto geneem. Vandag neem ons die Geel "Blouwildbees" roete. Anvie sê 12km. Almal begin saam stap. Klokgewys. Tot teen die heining. 'n Entjie daarlangs. Dan wegdraai in die veld in. Ons soek maar so plek-plek na die merkers en as jy mooi kyk en lank genoeg kyk vind jy hul gewoonlik. Redelik boomryk. Verby die 'breakfast tree', Bietjie op en bietjie af, maar niks te moeilik nie. Die Roete loop dan verby die dam, wat sommige van ons misloop, maar darm weer by die soutlek op die regte roete kom. 'n Entjie in 'n lopies op tot by wat 'n mooi swempeel sou kon wees as daar meer water was. Nou met 'n redelike oppie uit teen 'n koppie, uit die klofie uit. Verby ou klip-krale en vreemde bossies met oumansbaard en mosse op. Nou is ons op die gelykte. Baie gelyk.... Verby die ystervarkgate. Mooi groot ou alwyne al langs die pad. Ons moet mooi kyk waar die merkers is. Dit is nou Plat en oop. Geen definitiewe paadjie in die ooptes nie. Verby nog 'n dam of twee. En dan deur die plaaswerf. Intresante verskydenheid van goete.... Dan 'n klein entjie met 'n grond-motorpad, wegbreek na regs in die veld in en skuins deursny tot weer by die 'n pad waarmee ons ingery het en dan is ons by die kamp.



Selfs die wat nie kortpad geneem het nie terug kamp toe nie was vroegerig rondom 13:00 by die kamp. Sommer net lekker rustig verkeer en 'n hele paar van ons benut dan ook die netjiese swembadje. Sommige is nie so braaf nie en net hul voete raak die water. Later die middag weer die braaivleisvuurtjie aangesteek en die verskeidenheid wyne was ook intresant. Ek bak ook 'n plat soet broodjie in die badkamers se donkie. Klein en plat maar dit was lekker. Dalk eendag weer.





Sondag oggend neem Mariette, Corrie en Silvia dit rustig by die kamp. Die res begin om 8:00 stap en vandag neem ons die Wit "Luiperd" roete. Anvie sê 5km, die bord teen die kombuis 6 en ons meters nader aan 7km. Anti-kloks gewys.

Weer redelik plat. Ons stap oor dieselfde tereen as gister. 'n Wit Lus binne en oor die Geel lus. Weer mooi alwyne en bossies gesien. Vandag verloor ons die paadjie 'n paar keer meer, maar ons is meer wat in 'n groep saamstap en vind die paadjie roete die meeste van die tyd. Baie intresant is die merkers wat op stukke houtpale is wat bo-op staal penne is. Dit maak die merker redelik maklik sigbaar. (Sien geel merker bo-regs op vorige bladsy). Dan is ons

oor 'n pad, deur die blare bos, deur 'n lopies en by die Uitsigpunt. Mooi. Ons kan ver sien.

Af in die laagte waar ons gister ook was en dan lekker steil op met 'n 4x4 pad, verby die luukse huisies en terug tot by ons kamp.



Blykbaar is die klein kudutjie ook so 6 jaar gelede toe Nomades ook hier gestap het gedoop en die naam 'Nomades' gekry. Wilna het die foto toe geneem.



'n Redelike naby roete. Netjiese fasiliteite. Intresante en vreemde dekor. Glad nie moeilik nie en as jy sommer net 'n naweek in die bos wil wees kom gerus hierheen. Maar dit is definitief nie 'n roete as jy wil oefen om Kilimajaro uit te klim nie.

Ons het via Anvie Ventures bespreek. <http://www.anvieventures.co.za/>

Finansies: (Ons vra R310 per lid en R340 per nie-lid)

Inbetalings	: R4440.00
Roetefooi (R300x14)	: R4200.00
Klublus fooie 15x(3xNieLede)	: R 240.00
Uitbetalings	: R4438.95
Anvie (14 stappers @ 300 elk)	: R4200.00
Anvie besprekingsfooie	: R 55.00
Brikette (3 sakke)	: R 83.95
Hout	: R 100.00
Projek Surplus	: R 1.05



Vriendelike stapgroete

Marius Stander.

www.Nomades.co.za vir meer stapverslae en Nomades se kontak inligting en jaarprogram.

MariusStanderPTA@gmail.com

